

Vakante pos: Junior Webontwikkelaar

Ons is op soek na 'n WordPress webontwikkelaar wat in staat is om die kuns van ontwerp met 'n sterk tegniese vermoë te integreer. Ons is op soek na 'n hardwerkende persoon met 'n "kan-doen" houding wat graag wil werk in 'n Christelike media omgewing. Bybel-Media produseer Christelike inhoud op 'n digitaal eerste strategie. Ons is gebaseer in Wellington en ons is op soek na 'n nuwe lid by ons groeiende span.

As jy op soek is na 'n posisie as veelsydige webontwikkelaar, kan hierdie posisie vir jou perfek wees. Jy moet gelyktydig kan werk op verskeie webwerwe en projekte en beskik oor 'n wye kennis van die bou en instandhouding van WordPress webwerwe. As jy in staat is om goed-funksionerende webwerwe te ontwikkel wat gebruikersgedrag beïnvloed, dan sal ons jou graag wil ontmoet!

Rol verwante vereistes:

1. 'n Minimum van 2 jaar werksondervinding in WordPress webtuiste-ontwikkeling
2. Vertroude wees in die bou en instandhouding van WordPress webwerwe
3. Beskik oor bestaande kennis om 'n WordPress webwerf te optimaliseer vir soek enjins
4. Gebruik "plugins" om webwerf se funksionaliteit te verbreed
5. Vertroude met responsiewe ontwerp beginsels en kodering en die beste praktyke vir die bou van mobiele-vriendelike webwerwe
6. 'n Duidelike begrip en ervaring in HTML en CSS
7. Vermoë om ontluikende tegnologieë te ondersoek en moontlike nuwe toepassings te identifiseer
8. Ontwerp e-mailers vir nuusbriewe en bemarkingsveldtogte
9. Opsioneel: Adobe Photoshop/Illustrator ervaring en kennis om kunswerk vir digitale veldtogte te skep.

Persoonlike vaardighede en eienskappe:

1. Vermoë om in spanverband en onafhanklik op jou eie te werk
2. Vermoë om spertye te haal en veranderende prioriteite te hanteer
3. Bly op datum met die nuutste ontwikkeling en digitale tendense
4. Vermoë om verskeie projekte gelyktydig te bestuur
5. Goeie geskrewe en verbale kommunikasievaardighede

As jy dink jy is die geskikte kandidaat vir hierdie pos, stuur asseblief jou CV en gee skakels na die webwerwe wat jy gebou het met behulp van WordPress aan Adèle Lombaard by adele@bmedia.co.za

Salaris: Onderhandelbaar tot R16 000

Aansoeke sluit: 24 Januarie 2020

Navrae: Adèle Lombaard tel 021 864 8219, e-pos adele@bmedia.co.za

Die maatskappy behou die reg voor om geen aanstelling uit die aansoeke ontvang te maak nie.